DAAGLIKSE GEBEDSGIDS – JUNIE 2008

Sondag 1 Junie 2008

Hoe die Heilige Gees lewens deur die geskiedenis en tot vandag toe verander

Handelinge 15: Hy sal jou help om die regte besluit te neem

Een van die grootste voordele van 'n lewe met en deur die Heilige Gees is dat ek nie alleen besluite hoef te neem nie. Ek het 'n Onderwyser, 'n Gids en 'n Raadgewer om my op elke tree van die pad te help. Hy is meer as 'n adviseur. Hy is "senior vennoot" in elke beslissing. Toe die kerk in Jerusalem 'n brief aan die Gelowiges uit die heidene in Antiogië gestuur het, het hulle iets van enorme belang gesê. Hulle het gesê: "Die Heilige Gees en ons het besluit …" (**Hand.15:28**). Laat die Gees van God toe om meer as 'n metgesel te wees. Laat Hom toe om deel te hê aan elke besluit wat jy neem. Dit is veral wonderlik om te sien hoe jong Christene God met elke besluit raadpleeg, selfs met besluite wat vir grootmense onbelangrik lyk! Nogtans is deel van hierdie onskuldige en volledige afhanklikheid van God en die leiding van Sy Heilige Gees presies wat ons nodig het om ons lewens reg en oorwinnend te leef, selfs al is ons ouer in jare of volwasse Christene. Wag jy nog steeds op die Here voordat jy tot aksie oorgaan? Nie alle besluite verg 'n 40 dae-vastyd of 'n deurnaggebed nie, maar alle besluite vereis 'n oorgawe aan die Heilige Gees om ons te weerhou van die neem van besluite wat vir onsself en ander skadelik kan wees. Wil jy nie 'n paar minute afstaan en nadink oor hoe jy besluite neem nie?

Vader van heerlikheid, hoe begeer ek nie om elke besluit in my lewe volledig aan U te kan oorgee nie. Dat alles wat U Gees my lei om te doen ook vir my goed en reg sal wees. Ek bid dat U my daaraan sal herinner om stil te staan en vir U opdrag te wag elke keer as ek besluite moet neem, van die eenvoudigstes tot die uiters moeilikes!

Maandag 2 Junie 2008

Internetgebruik in Suid-Afrika neem toe

Internetgebruik in Suid-Afrika is vinnig aan die toeneem, volgens statistiek wat onlangs deur die *Online Publishers Association (OPA)* bekendgemaak is. Die jongste syfers weerspieël Internetgebruik vir die derde kwartaal (Julie, Augustus en September) verlede jaar en toon dat die aantal aanlyngebruikers met omtrent drie miljoen vermeerder het. In 2006 is 4,8 miljoen gebruikers aangeteken. Verlede jaar was daar 'n toename van amper 163%, met 7,8 miljoen aanlyngebruikers aangeteken. (Webruimte: http://www.ioltechnology.co.za/article_page.php?iArticleId=4208486&iSectionId=2884). Dank die Here vir meer mense wat oor die geld beskik om geleenthede soos die Internet te benut. Moet ook nie nalaat om te bid dat hulle verstandig sal wees in die keuse van webruimtes wat hulle besoek nie, en dat hulle nie by aanlyndobbelary of pornografie betrokke en verslaaf sal raak nie.

Sjina

Sjina het die wêreld se grootste weermag, die minste skuld van al die lande ter wêreld, die mees winsgewende ekonomie, die grootste valutareserwes ter wêreld en die moedertaal wat deur die meeste mense ter wêreld gepraat word. Die groei van die Sjinese kerk sedert 1977 is so enorm dat dit ongeëwenaar is in die geskiedenis. (Webruimte: http://www.24-7prayer.com/cm/content/795, e-pos: rewind@24-7prayer.com). Bid vir God-geïnspireerde wysheid in Christene se harte gedurende hierdie tyd, ook met betrekking tot die komende *Olimpiese Spele* wat in Sjina gehou gaan word. Al is daar so baie Christene, sterf miljoene nog sonder Christus en word duisende Christene onder haglike omstandighede in tronke gevange gehou.

Dinsdag 3 Junie 2008

Eagles Rising Opleidingsentrum

Een van die grootste behoeftes onder die jongmense in ons land vandag, is aan volwassenes wat omgee en langs hulle kan stap, mense wat hulle kan vertrou, mee kan praat en mense saam met wie hulle hulself en hul wêreld kan ontdek. *Eagles Rising Opleidingsentrum* doen 'n beroep op volwassenes om hulle studente "aan te neem". Enige volwasse Christen wat al 'n pad met die Here gestap het, beskik reeds oor die basiese ouerskapsvaardighede wat nodig is om 'n student te help om te ontwikkel. (*Eagles Rising Training Centre*. Tel.: 021 856 4486; faks: 021 856 4485. Webruimte: www.eaglesrising.org.za of e-pos: office@eaglesrising.org.za). Dank die Here vir hierdie en ander soortgelyke bedienings. Vra dat God vrywilligers sal oprig om hulp te verleen met hierdie kosbare missie om jongmense te mentor om tot hulle volle Godgegewe potensiaal te ontwikkel.

Afrika se oumas maak die kinders groot
Mumo is 'n "VIGS-ouma" in Kibera, een van Afrika se grootste krotstede. Soos ander oumas regoor Afrika, het sy die taak om na weeskinders om te sien nadat haar eie kinders en man dood is. Op die een of ander manier huisves sy vier kleinkinders, twee agterkleinkinders en die kind van 'n oorlede familielid. Volgens die *Verenigde Nasies (VN)* het minstens 12 miljoen kinders in Afrika een of albei ouers as gevolg van VIGS verloor. Talle wesies word deur oumas of broers/susters versorg. Dit is 80% van alle VIGS-wesies in die ontwikkelende wêreld.
Webruimte: http://www.iol.co.za/html/frame_babynet.php?art_id=iol1196334384955A326&newslett=1). Dank die Here vir 'n getuienis soos hierdie waar iemand vir weeskinders sorg. Roep asseblief tot God omtrent die benarde posisie van weeskinders. *Egte en suiwer godsdiens voor God die Vader is om weeskinders en weduwees in hulle moeilike omstandighede by te staan* … (**Jak.1:27**).

Woensdag 4 Junie 2008
Mercy Ministries South Africa (MMSA)
MMSA grond hulle missie op **2 Korintiërs 5:17-20**, en streef daarna om versoening te bevorder en hoop vir die toekoms te bring. Professionele naweekwerksessies fokus op Bybelse versoening en die herstel van verhoudings. Bid vir die werksessies, vir doeltreffende opvolgwerk, vir die span wat dit aanbied en vir 'n leefstyl van ware versoening by deelnemers. (*Mercy Ministries South Africa*, Posbus 2148, Rensburg 1439. Sel: 079 516 5428, faks: 086 647 1522. Webruimte: www.mercy.givengain.org of e-pos: mercyminsa@lantic.net).

Afrika se ekonomieë die beste in 30 jaar
Volgens die *Internasionale Monetêre Fonds (IMF)* toon onlangse ekonomiese prestasie dat Afrika suid van die Sahara sy sterkste groei en laagste inflasie in meer as 30 jaar beleef. (Webruimte: http://business.iafrica.com/news/907390.htm). Dank die Here vir hierdie getuienis. Laat ons egter volhard met gebed dat mense op grondvlak ook op praktiese maniere by hierdie veranderings sal baat. Terwyl die ekonomie 'n oplewing beleef, sterf mense nog steeds weens ondervoeding.

KIDS 2 PRAY 4 Kids

Kinders bid vir kinders
Vasbyt met V-A-S
Jy vas wanneer jy kies om iets prys te gee wat jy regtig wil hê sodat jy op God kan fokus en terselfdertyd kan bid. Dit is nie net vir grootmense bedoel nie. Gewoonlik wanneer ons bid, is dit met ons gees en siel (jou siel is jou gemoed, jou wil en jou emosies). Wanneer ons vas, bid ons met ons liggame ook! Wanneer jy vas, bid jou hele persoon, jou liggaam ingesluit. Wat sou jy doen as Jesus jou sou vra om Hom bo alle ander dinge in jou lewe te stel? Daar is baie dinge in ons lewens wat ons tyd en aandag in beslag neem – dinge soos vriende, MXIT, eet, slaap, TV, selfoonspeletjies, die Internet, winkels toe gaan, skool ensovoorts. Nie een van hierdie dinge is verkeerd nie, maar hulle hou ons gedagtes en liggame besig met ander dinge as God.

By watter geleenthede sal 'n mens wil bid en vas?
'n "Vas" beteken dat jy vrywillig besluit om dinge prys te gee wat vir jou belangrik is om te wys dat jy ernstig is oor God. Soms is dit wanneer jy berou oor sonde het (**1 Sam.7:5-6**), ander kere wanneer jy bid vir beskerming of 'n krisis (**Eseg.8:21-23, Est.4:15-16**), of bloot net omdat jy God se stem duidelik wil hoor (**Dan.10:1-3; Hand.14:23**). Jesus het 40 dae lank gevas om al die versoekings van die duiwel te kan weerstaan. Wanneer ons vas, moet dit om die regte redes wees (**Matt.6:16-18**). Jesus het gesê ons moet nie vas om deur mense gesien te word nie – ons vas in die geheim. Maar wat dan as 'n maat jou nooi om 'n fliek te gaan kyk en jy reeds besluit het om vir 'n sekere tyd lank televisie te laat staan as 'n manier van vas? Dan is dit reg om vir jou maat te sê jy is besig om te vas. Die Bybel moedig ons aan om nederig en veral vriendelik te wees wanneer ons vas (**Jes.58:3-10**).

Moenie *uitchicken* nie!
Wanneer ons vas, kom ons partykeer in die versoeking om op te hou daarmee. Dit het selfs met Jesus gebeur toe Hy 40 dae lank gevas het. Hy was regtig honger en toe kom Satan en probeer om Hom sover te kry om klippe in brood te verander (**Matt.4:1-4**). Toe het Jesus die Skrif gebid en die versoeking oorwin. Jy kan dit ook doen. As jy in die versoeking kom om jou vas voor die tyd te breek, bid gerus 'n paar Skrifgedeeltes, byvoorbeeld **Filippense 4:13**: *Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee* – en moenie *uitchicken* omdat jou liggaam protesteer nie.

In Junie-maand is daar 'n spesiale gebedsfokus op **kinders in nood**. Daar is miljoene kinders wat nie genoeg kos het om te eet nie. Deur te vas, voel ons 'n bietjie wat hulle elke dag van hulle lewens ervaar. Wanneer ons vir arm mense bid en sorg, is dit asof ons vir God self sorg (**Matt.25:34-40; Ps.72:13**). In Sy oë is ware aanbidding en gehoorsaamheid aan Hom, wanneer ons mense in nood help (**Jes.58:6-7,10**). Een manier waarop ons dit kan doen, is om uit **Klaagliedere 2:19** vir hulle te bid: *Staan dwarsdeur die nag op en roep, stort voor die Here jou hart uit soos water, strek jou hande uit, en bid om die lewe van jou kinders, hulle wat van honger beswyk op die hoeke van die strate.* Wil jy dit nie oorweeg om van Maandag tot Vrydag vir kinders in nood te bid nie? Jy kan besluit om een dag per week een ete oor te slaan. Jy kan moontlik ook besluit om 'n week lank van televisie te vas, dit wil sê, glad nie TV te kyk nie. Vra jou ma om jou te help om op die regte manier te vas.

Gebedswenke: Maandag -Vrydag

1. **Kinders wat nie kos het nie:** Vader, ek bid dat honger kinders Jesus sal leer ken. Dat hulle Hom sal leer ken as die Brood wat Lewe gee en dat almal wat na Hom toe kom, nooit honger of dors sal wees nie (**Joh.6:36**). Gee asseblief vir hulle kos vir elke dag.
2. **Kinders wat in nood verkeer:** Vader, ek bid vir kinders wat siek is of in 'n land woon waar oorlog is. Beskerm hulle asseblief teen siektes en liggaamlike seerkry. Gee vir hulle 'n veilige blyplek in tye van oorlog en rampe. Wys vir hulle dat U hulle Helper is, sodat hulle nie bang sal wees nie (**Heb.13:6**).
3. **Kinders wat nie ouers het nie:** Hemelse Vader, hou asseblief wag oor al die kinders wat nie ouers het nie en sorg vir hulle. Gee vir hulle huise, kos en liefde. Help Christene ook om swak en vaderlose kinders te wil beskerm en gee hulle die moed om vir dié te praat wat nie self kan praat nie (**Spr.31:8, Ps.82:3-4**).
4. **Kinders wat op straat bly:** Vader, ek bid vir die kinders wat in die strate van ons stede en dorpe woon. Hulle is altyd so vuil en aan die bedel. Vergewe my dat ek nie verskriklik jammer voel vir hulle nie. Laat hulle U sien. Wys Uself aan hulle. Laat hulle na U toe kom en laat niemand hulle hinder nie; laat hulle in U koninkryk kom (**Luk.18:16**).
5. **Kinders wat misbruik en mishandel word:** Vader van genade, ek bid vir kinders wat deur ander mense geslaan, seergemaak en misbruik word. Ek kan nie dink hoe dit moet voel om so sleg behandel te word nie. Wys asseblief vir hulle dat U liefde en U trou hulle nooit sal verlaat nie. Skryf dit op hulle harte (**Spr.3:3**). Laat hulle vir seker weet dat hulle nooit alleen is nie, maak nie saak hoe moeilik hulle lewe mag wees nie.

Donderdag 5 Junie 2008

Valcare Trust

Valcare Trust is 'n nie-winsgewende Christen-organisasie met die oogmerk om armoede in die Paarlvallei te verminder. Hulle funksie is om as 'n inligtings- en netwerkorganisasie op te tree, en verskaf dienste aan gemeentes, projekte of organisasies, besighede en ander diensverskaffers. Dank die Here vir diegene wat bereid is om uit te reik deur middel van projekte om die fisiese omstandighede van mense in hierdie gebied te verbeter. Bid dat meer mense by hierdie projek betrokke sal raak en dat dit baie vrug sal dra. (*Valcare Trust*, Louie Straat 2, Paarl, 7646. Tel.: 021 872 2365, faks: 021 872 2376. Webruimte: www.valcare.org.za of e-pos: admin@valcare.org.za).

***Trans World Radio (TWR)* loods twee nuwe projekte**

Bid asseblief vir *Projek Hannah*, wat vanjaar van stapel gestuur gaan word met 'n spesifieke fokus om vroue in Afrika te bereik en hulle te help om hulle waarde as mense in God se oë te ontdek. Hulle het ook 'n uitreikprogram na jeugdiges en bendelede. Bid asseblief dat hierdie program ook op ander radiostasies uitgesaai sal word en werklik die harte en lewens van jongmense sal aanraak. Die radiosenders in Benin is voltooi en mense in Portugal berig dat hulle dit ook kan hoor! Dank God dat Hy altyd meer doen as wat ons kan verwag of ooit aan kan dink om te vra. (*TWR*, Privaatsak 987, Pretoria, 0001. Tel.: 011 974 2886, faks: 011 974 9960. Webruimte: www.twr.org.za of e-pos: bbooyens@twr.org.za. Luister na TWR op die Internet of DStv oudiokanaal 155).

Vrydag 6 Junie 2008

***90 Dae van Seën*: Seën ons gemeenskap**

Vader, in die Naam van die Here Jesus Christus wil ons bid dat U ons gemeenskap sal seën. Dat U hulle sal seën en beskerm, dat U U aangesig oor hulle sal laat skyn en hulle genadig sal wees; dat U tot hulle redding sal verskyn en aan hulle vrede sal gee (**Num. 6:23-27**). Ons vra dit vir ons bure, ons kollegas by die werk, vir die polisie en mense in gevangenisse,

vir die kinders in die skool, die dokters en verpleegsters en pasiënte in hospitale, vir die vaders en moeders in ons gemeenskap en vir die besigheidswêreld, die onderwysers in skole en die gevangenes, die stadsraad en regeringsamptenare, die haweloses, die werkloses, diegene betrokke by allerhande vorms van verslawing, die hulpbehoewendes, die president van ons land en sy raadgewers, die ministers van die regering en al hulle personeel.

Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! Hy het ons in Christus geseën met al die seëninge van die Gees wat daar in die hemel is. Soos Jabes tot die God van Israel geroep het, so roep ons tot U vir ons gemeenskap: "Stort U seën oor ons uit, neem ons onder U beskerming en weerhou onheil van ons sodat geen ramp ons sal tref en ons geen smart sal veroorsaak nie" (**1 Kron.4:10**). God van vrede, maak ons volkome toegewyd aan U. Mag ons geheel en al na gees, siel en liggaam onberispelik bewaar word (**1 Tess.5:23-24**). Here, U is magtig om ons van struikeling te bewaar en ons onbevlek en met vreugde U heerlikheid te laat aanskou (**Jud.v.24-25**). Here Jesus, mag U genade oor ons gemeenskap wees (**1 Kor.16:24**).

Wêreldnaweek van Gebed vir Kinders in Nood

Hierdie jaar se *Wêreldnaweek van Gebed vir Kinders in Nood* vind op 7-8 Junie plaas. Individue en groepe word aangemoedig om self te organiseer om volgens hulle situasie en omstandighede te bid. Verlede jaar het oor die 4 miljoen mense in klein en groot groepe gebid, in kerke, huise, oop ruimtes, parke en waar hulle dit ook al gerieflik gevind het. Dank die Here vir hierdie inisiatief en die baie antwoorde op gebed wat Hy genadiglik ter wille van die kinders geskenk het. Oorweeg dit om hierdie naweek 'n spesiale poging aan te wend om in jou gemeente of gebedsgroep vir kinders in nood te bid. (Vir meer inligting, webruimte: www.viva.org. of e-pos: pray@viva.org).

Saterdag 7 Junie 2008

Movement for African National Initiatives (MANI) Suidelike Afrika

Bid asseblief vir die 300 leiers wat aan die onlangse *MANI Suidelike Afrika* 2008 Beraad deelgeneem het. Hulle kom nou voor die uitdaging te staan om in hulle eie vaderlande die kerke te help om in groter vennootskap vir die Groot Opdrag te werk. Bid vir die mins-bereikte gemeenskappe, dat die evangelie daar sal binnedring en baie Afrikane as sendelinge uitgestuur sal word. Bid dat die Here se hand oor streeks- en nasionale fasiliteerders sal wees waar hulle leiers en organisasies saamsnoer om dissipels van hulle volkere te maak. (Bron: Dr. Dean Carlson, e-pos: DeanCarlson@oci.org).

Meer geweld in verkiesingsjaar in Indië verwag

Hindoe-nasionaliste sal waarskynlik aanvalle verskerp om kiesers volgens godsdienstige groeperinge te polariseer met dié dat verkiesings vanjaar in 10 state gehou gaan word en 'n algemene verkiesing in 2009 gehou moet word. Hierdie taktiek kan geweld teen Christene laat toeneem. (Lars Widerberg, *Intercessors Network,* Storskiftesgatan 87, S-58334 Linkoping, Sweden. E-pos: Intercessors.Network@Comhem.se of Intercessors.Network@Telia.com). Hou aan om vanjaar vir die *Vervolgde Kerk* in Indië te bid, en vra dat hulle bonatuurlike guns selfs by hulle vyande sal geniet. Bid dat Christene nooit Jesus se genade en waarheid sal versaak nie, maar dat dit te midde van vervolging op die tafel van hulle harte geskryf mag staan en dat hulle so guns en hoë aansien voor God en mense mag vind (**Spr.3:3-4**).

Sondag 8 Junie 2008

Hoe die Heilige Gees lewens in die geskiedenis en tot vandag toe verander

Handelinge 16: Hy verander jou planne

Toe hulle by die grens van Misië kom, het hulle na Bitinië toe probeer gaan, maar die Gees van Jesus het hulle dit nie toegelaat nie. ... Daar het Paulus in die nag in 'n gesig 'n Masedoniese man gesien wat by hom staan en hom smeek: "Kom oor na Masedonië toe en help ons." Nadat Paulus die gesig gesien het, het ons so gou as moontlik gereed gemaak en na Masedonië toe vertrek, omdat ons tot die oortuiging gekom het dat God ons geroep het om die evangelie aan hulle daar te verkondig (**Hand.16:6-10**). Stel jou voor die Heilige Gees verbied jou om die evangelie te verkondig aan mense wat God nie ken nie! Dit moes baie moed en baie fyn luister van Paulus geverg het om God se stem in hierdie situasie 'raak te luister' en te gehoorsaam. Tog was God se plan groter as hulle begrip. Hy was op die punt om die gebed van 'n man in Masedonië te beantwoord, maar dit het hulle eers die volgende dag uitgevind. Het jy al ooit gevoel dat die Heilige Gees jou gelei het om iets buitengewoons te doen? Was jy dapper genoeg om op Sy begrip te steun, ten spyte van dit wat jy in die natuurlike wêreld gesien en beleef het? Dink daaraan om vandag tyd met God alleen te spandeer en probeer om op eenvoudige en praktiese maniere aan Sy stem gehoor te gee, veral wanneer dit so anders as jou eie denkpatroon is. Wanneer ons toelaat

dat God ons lei, begin ons om op die regte pad te loop. Die Heilige Gees maak nooit 'n fout nie. Laat ons Hom vertrou om ons op Sy volmaakte pad te lei.

Vader van heerlikheid, vergewe ons dat ons aan ons manier van doen kleef. Ons bely dat U weë hoër is as ons weë. Ons kies om ons harte in te stel om na U te luister en U weë te volg. Leer ons om te luister na die influistering van U Heilige Gees in ons daaglikse lewe, veral met die keuses wat ons moet maak.

Maandag 9 Junie 2008

Suid-Afrika in vergelyking met die res van die wêreld

As 'n ontwikkelende land is Suid-Afrika in verskillende opsigte 'n wêreldleier en ook die deurgang na Afrika. In 2007, is Suid-Afrika onder die top tien lande in die wêreld geplaas in die kategorie beleggerbeskerming en goeie fiskale regering. Ons word deur die Wêreldbank onder die top 30 lande geplaas vir die gerief waarmee besigheid gedoen kan word. Dit word ook beskou as een van die goedkoopste plekke om met 'n besigheid te begin *(SA at a Glance* 2007/8, bl. 6). Dank die Here, want sy guns rus nog sterk op ons land. Laat ons aanhou bid en roep dat hierdie toestande positief sal groei. Bid ook sonder ophou dat elke persoon in die regering hulle tot God sal wend en Hom heelhartig sal dien en Hom die eer sal gee vir 'n ekonomies voorspoedige Suid-Afrika.

Shavuot (Pinksterfees)

Die Joodse volk vier Shavuot (Pinksterfees), gewoonlik sewe weke na Paasfees en herdenk dan dat God die Tien Gebooie vir Moses gegee het na die uittog uit Egipte. Die fees duur twee dae. Sommige ultra-ortodokse Jode bly dikwels die eerste nag heelnag wakker om die Bybel te bestudeer. (Tel./faks: 012 361 1437. Webruimte: http://www.somethingjewish.co.uk/jewish_festivals/index.htm of e-pos: allwiese@lantic.net). Laat ons nooit moeg word om vir die verlossing van die Joodse volk te bid nie. Vra spesiaal vir God om oor die volgende twee dae die Woord vir hulle lewend te maak terwyl hu**l**le dit bestudeer, en Jesus Christus as die Verlosser oor wie geprofeteer is, aan hulle te openbaar.

Dinsdag 10 Junie 2008

Versoek om prostitusie te wettig

Vorige opmerkings deur regeringsamptenare om prostitusie vir die 2010 Sokkerwêreldbeker te wettig het baie reaksie uitgelok. Prostitusie is in wese handeldrywing met mense. Navorsing toon dat 'n prostituut wat verskeie kliënte per dag het, elke enkele keer verkragtingstrauma beleef. (Webruimte: www.dfl.org.za). Roep ernstig tot God oor hierdie saak, vra dat hierdie situasie omgekeer kan word. Bid ook spesiaal vir diegene wat hulleself verkoop net om te oorleef of vir hulle gesinne te sorg. Bid vir wonder-geleenthede om hulle lewenstyl te verander en die Here Jesus Christus as hulle persoonlike Saligmaker te ontmoet.

Kan voedselgewasse klimaatbestand gemaak word?

Klimaatsveranderings bedreig voedselgewasse regoor die wêreld. Stygende temperature veroorsaak steriliteit by blomare (dit is die slap takkies wat die rysblommetjies dra), en dalings in opbrengste word voorspel. Asië en Afrika suid van die Sahara sal onder die gebiede wees wat die ergste deur klimaatsverandering geraak word. Ongeveer 90% van die wêreld se rys word in Asië verbou en verbruik (waar 70% van die wêreld se armes woon), en sub-Sahara-Afrika is die wêreld se vinnigste groeiende verbruiker van rys. Die kwesbaarste landbousisteme is die reën-gevoede hooglande en laaglande, wat ongeveer 80% van die totale ryslande in Afrika bevat. (Webruimte: http://www.scidev.net/gateways/index.cfm?fuseaction=readitem&rgwid=4&item=Features&itemid=671&language=1). Hou aan om getrou vir hierdie situasie te bid. God het nog nooit in die geskiedenis 'n probleem gehad om te voorsien vir diegene wat sy Naam aangeroep het nie. Laat ons vra vir sy genade oor wetenskaplikes sodat hulle antwoorde vir hierdie situasie mag vind. Hou ook aan bid dat mense hulle verantwoordelikheid aangaande rentmeesterskap van die omgewing sal verstaan en sal opneem. Bid terselfdertyd vir 'n oplossing vir die stygende hormoonvlakke in alle voedsel, water en selfs vleis waarvan sommiges, volgens navorsing, kanker veroorsaak. Alleen God kan die mens se liggaam beskerm in hierdie onmoontlike situasies.

Woensdag 11 Junie 2008

Staatsbestuur met uitgedunde personeel

Volgens jaarlikse verslae en dokumente van parlementêre portefeuljekomitees is 10,4% of 40 594 poste in al 29 regeringsdepartemente vakant. *Die Departement van Veiligheid en Sekuriteit, Die Departement Korrektiewe Dienste* en *Die*

Departement van Verdediging se syfers in verband hiermee is klaarblyklik nie korrek nie. Die meeste vakatures, vir beide geskoolde en minder geskoolde poste, is blykbaar in die departemente van *Sport en Ontspanning* (45,9%), *Vervoer* (40,8%) en *Kommunikasie* (37,7%). (Webruimte: http://business.iafrica.com/news/846942.htm). Hoe groter die geskooldheid wat vir die pos vereis word, hoe meer sukkel die regering om dit te vul en mense in daardie poste te behou. Wanneer ons hierdie berigte lees of dit oor die nuus hoor, moet ons tot God roep om ook op hierdie praktiese terreine van die lewe in te gryp en herstel te bring. Laat ons aanhou vra vir 'n deurbraak by die vul van poste. Vra dat diegene wat in hierdie poste aangestel word, manne en vroue sal wees na God se eie hart, en wat in geregtigheid en integriteit leef en werk.

***Valentynsdag* kampusslagting in Amerika**

Op 14 Februarie skiet 'n voormalige student vyf mense dood en wond nog 16 in 'n universiteitslesingsaal voordat hy die wapen op homself rig – die vyfde skietvoorval by 'n onderwysinrigting in die Verenigde State daardie week. ('n Ooggetuie het gesê die student het vir 'n sekonde doodstil gestaan en kyk, en toe net begin skiet: sy gesig was totaal uitdrukkingloos). Dit volg 10 maande nadat 32 studente en personeellede deur 'n geestelik versteurde student by die Virginia Tegniese Universiteit doodgeskiet is. (Webruimte: http://iafrica.com/news/worldnews/905783.htm). Hierdie voorvalle is aan die toeneem. Laat ons tot God roep vir Amerika se jongmense: dat hulle juis nou na God sal soek en Hom sal vind en dat hierdie voorvalle tot 'n einde sal kom.

Donderdag 12 Junie 2008

Waterbronne in gevaar

Die *Nasionale Kernreguleerder* het getuienis bevestig van besoedelde landbougewasse en water, en het opgetree om mense en lewende hawe te beskerm. Ongeveer 43% van damme wat deur die *Departement van Waterwese en Bosbou* bestuur word, het veiligheidsprobleme en vereis dringend herstelwerk. 'n Beraamde R180 miljard is nodig om infrastrukture landwyd te vervang, insluitend die groot stadsgebiede. (Webruimte: http://business.iafrica.com/news/853980.htm). Dank die Here dat mense en lewende hawe betyds gewaarsku kon word oor die besoedelde water. Hou aan bid vir elke enkele waterbron in Suid-Afrika, sowel as vir damme, pype, pompe en waterwerke. Vra vir wysheid en bonatuurlike insig by wetenskaplikes oor hoe om hierdie probleem landwyd op 'n doeltreffende en goedkoop manier aan te pak en op te los. Bid ook vir mense om goeie rentmeesters van alle waterbronne te wees.

Rakhine-mense van Myanmar

Die meerderheid van die Rakhine (1,9 miljoen) woon in die staat van Myanmar wat hulle naam dra – Rakhine –tot onlangs ook bekend as Arakan. Sendelinge het reeds in 1914 gedeeltes van die Bybel in Rakhine vertaal, maar dit word nie meer gebruik nie. Minder as 1% van die Rakhine glo in Christus. (*Peoples of the Buddhist World,* Paul Hattaway, bl. 230). Dit beteken dat 99% van hierdie mense het nog nie 'n keuse gemaak om Christus te volg nie. Bid asseblief dat meer Bybelgedeeltes spoedig in hulle taal vertaal sal word en dat God die harte van hierdie mense sal voorberei om die boodskap van Jesus Christus aan te gryp.

Vrydag 13 Junie 2008

***90 Dae van Seën*: Ons verhef U Naam**

Ons Vader in die hemel, U is hoog en verhewe, U leef ewig en U Naam is heilig (**Jes.57:15**). Laat U Naam geheilig en met eerbied in ons gemeenskap bejeën word (**Matt.6:9**). U het ons opdrag gegee om nie U Naam ydellik of oneerbiedig of lasterend te gebruik nie (**Eks.20:7; Lev.19:12; 24:16**). Nogtans is U Naam oneer aangedoen onder die nasies en baie mense het U Naam vergeet en ander gode om hulp gevra (**Eseg.36:23; Ps.44:21**). Ons bely dat ons U gebod oortree het. Waar ons nou bid en U Naam bely, en wegdraai van ons sonde, hoor ons asseblief en vernuwe ons (**2 Kron.7:14**). Mag U Naam geheilig word sodat al die nasies, selfs U teenstanders, U Naam sal vrees en sal weet dat U Here is. (**Eseg. 36:21, 23; Jes.64:2; Ps.102:16**).

O Here God, ander heersers voer die heerskappy oor ons en ons gemeenskap, maar nou roep ons U Naam aan (**Jes.26:13**). Die begeerte van ons siel is dat U Naam in ons gemeenskap onthou sal word (**Jes.26:13**). Laat ons ook in die nag aan U Naam dink, o Here, en dit oordink (**Ps.119:55; Mal.3:16**). Verenig ons harte om U Naam te vrees sodat ons sal afwyk van ongeregtigheid en vashou aan U Naam en U nie verloën nie (**Ps.86:11; 2 Tim.2:19**; **Op.2:13; 3:8**). U Naam is wonderlik, soos geurige salf wat uitgegooi word, 'n sterk vesting en 'n veilige plek vir ons om te woon (**Rig.13:18; Hoogl.1:3; Spr.18;10; Ps.61:4**).

***Ethnê onbereikte groepe-projek*: Mins bereikte nasies van Wes-Europa**

In die 16de eeu het die Hervorming op kragtige wyse nuwe lewe in die kerk geblaas sodat dit 'n mag vir wêreldevangelisasie geword het. Die afgelope 250 jaar het die evangelie wêreldwyd uitgekring, maar in Europa is dit besig om te verval. Ongeveer 227 van die mins bereikte mensegroepe woon hier, van die kleine Gibraltar, met 74% van sy bevolking wat nog nie bereik is nie, tot Frankryk, wat met sy bevolking van meer as 7 miljoen onbereikte mense in 41 verskillende mensegroepe Wes-Europa se grootste uitdaging met betrekking tot die evangelie is. Nou is die tyd om die evangelie te bring aan mense wat in Europa na antwoorde soek. Bid dat mense wat al vantevore die Woord gehoor het, maar ver afgedwaal het, sal terugkom na die Here en Hom ten volle sal leer ken. Bid ook vir wysheid en helderheid vir diegene wat die evangelie onder die Fulani ('n Wes-Afrika groep) en ander groepe verkondig. (Webruimte: http://www.Ethne.net/Helps/Regions of www.joshuaproject.net/Ethne_globalregion.php of e-pos: Ethne06@Ethne.net).

Saterdag 14 Junie 2008

Suid-Afrika in vergelyking met die res van die wêreld

Suid-Afrika was die eerste land in die wêreld wat vrywillig sy vermoë om kernwapens te vervaardig, laat vaar het. Hierdie vermoë help nou om huishoudelike kernkrag te ontwikkel deur middel van 'n korrelbed-modulêre reaktor. Dit op sigself plaas Suid-Afrika onder die leiers in die soeke na die ontwykende "waterstof-ekonomie" om olie en besoedelende fossielbrandstowwe te vervang. (*SA at a Glance,* 2007/8, bl. 8). Dank die Here vir die terreine waarop Hy ons voorspoedig maak ten opsigte van ontwikkeling. Bid vir diegene wat verantwoordelik is vir die ontwikkeling van hierdie en ander verwante tegnologie, dat hulle goddelike wysheid en insig in hulle werk sal hê. Vra die Here ook dat Suid-Afrika internasionaal baie guns sal wen vir plaaslike uitvindings van verwante tegnologie ten opsigte van energie.

Bid vir die Maledive

Die *2005 Jaar van Gebed vir die Maledive* het gelei tot 'n geestelike openheid, asook die verbreding van die visie vir hierdie eilande in die Arabiese See, waar die beoefening van enige geloof behalwe Islam streng verbode is. Die Evangelie van Lukas en die boek Handelinge is nou in die Dhivehi (Maldiviese) taal vertaal. Ander bronne is die *JESUS Film*, 'n 40 minute CD vir matrose en 'n klein boekie wat spesiaal ontwerp is om persone wat siek of in die hospitaal is te bedien. Dissipelskapmateriaal word nou ontwikkel as hulpmiddel vir nuwe Gelowiges. Om die momentum vir geestelike deurbrake in volle gang te hou, is 2008 tot nog 'n *Jaar van Gebed vir die Maledive* uitgeroep. Ongeveer 34 - 40% van die 300 000 Maldiviese bevolking is jonger as 15 en die land het die wêreld se hoogste egskeidingsyfer. (Bron: Vertroulik). Dank God vir Bybelgedeeltes en die *JESUS Film* wat nou beskikbaar is. Bid vir die voltooiing van die dissipelskapmateriaal, en dat baie sal deelneem aan hierdie Jaar van Gebed vir die Maledive.

Sondag 15 Junie 2008

Hoe die Heilige Gees die lewens van die dissipels verander het en hoe dit vir jou kan gebeur vandag

Handelinge 17: Hy bring herlewing vir jou en ander

In Tessalonika was Paulus en Silas by 'n amperse oproer betrokke, maar dit was regtig nie hulle skuld nie. Die Jode was so jaloers oor die skare mense wat na Paulus se uitleg van die Skrifte geluister het dat hulle 'n paar onsmaaklike karakters by die markplein bymekaargemaak, 'n gepeupel gevorm en 'n oproer in die stad begin het (**Hand.17:1-6**). Paulus en Silas se reputasie het hulle vooruitgeloop en die nuus van hulle bedrywighede het vinnig versprei. Byna oral waar hulle gekom het, het hulle herlewing gesien. Mense het hulle tot Christus bekeer, genesings het plaasgevind en die Gees van God was aan die werk. Sal dit nie wonderlik wees as die werking van God se Gees vandag so duidelik in ons lewens sigbaar word dat herlewing orals waar ons gaan uitbreek nie! O, dat ons tot God sal roep om soos van ouds hierdie geslag te doop met die Heilige Gees en met vuur, sodat die evangelie vinniger kan versprei as wat ons kan werk of ons kan inspan! Dit sal dan onteenseglik God se werk wees en ons sal aan Hóm die eer móét gee. Verlang jy na God se teenwoordigheid in jou lewe? Dat elkeen wat met jou in aanraking kom, hom/haar met hart en siel tot God sal bekeer? Dit is moontlik, maar ons sal eers by God moet aandring en pleit vir Sy ingryping in óns lewens voordat ons ander so sal kan bedien!

Vader, ons bely ons ongeloof en dat ons louwarm is. Ons verlang só om lewens te leef wat die harte van allerhande mense na U toe sal laat terugdraai! Doop ons asseblief met U Heilige Gees en met vuur, sodat ons self gelouter mag wees en so ook ander in U teenwoordigheid mag inkom.

Maandag 16 Junie 2008

Jeugdag

In Junie 1976 het leerlinge in Soweto uit protes in opstand gekom, en dit was die vonk vir 8 maande se gewelddadige onluste regoor die land. *Jeugdag* is intussen deur die regering tot openbare vakansiedag verklaar ter ere van al die jongmense wat hulle lewens in hierdie tyd verloor het.
(Webruimte: http://africanhistory.about.com/library/bl/blsaholidays.htm). Bid asseblief vir duisende jongmense wat vandag aan die feesvieringe sal deelneem. Vra dat hulle sal besef dat die Here Jesus Christus hulle enigste hoop in hierdie lewe is en dat ander middele en metodes nooit hulle behoeftes sal bevredig nie. Bid spesiaal ook vir hulle veiligheid wanneer hulle reis.

Swede verban pornografie in tronke

Die Sweedse owerheid het besluit om pornografie in tronke te verban. Die verbod sal amptenare by korrektiewe instellings die mag gee om pornografie en skadelike leesstof onder gevangenes te verbied en te konfiskeer. Die Sweedse parlement het besluit dat, ten spyte van hulle liberale sienings, hulle die skade wat deur pornografie aangerig word, moet beëindig. (Webruimte: http://www.onenewsnow.com/Culture/Default.aspx?id=65869). Dank God vir die antwoorde op gebede regoor die wêreld rakende pornografie. Vra dat baie ander lande ook soortgelyke stappe sal doen en 'n verbod op pornografie sal plaas.

Dinsdag 17 Junie 2008

Onderwys in krisis

'n Berig in *Finweek* het aan die lig gebring dat die onderwysstelsel 'n nypende tekort het aan hulpbronne om jong mense voldoende vir die toekoms toe te rus. Die kern hiervan is dat die onderwysstelsel in gebreke gebly het om die uitdagings van wêreldmededinging in die 21ste eeu die hoof te bied. Benewens die onderwyskrisis, verloor Suid-Afrika ook geskoolde professionele persone aan ander lande wat hulle daarop toespits om mense uit Suid-Afrika te werf. Die verlies van een geskoolde professionele persoon in Suid-Afrika kan tot soveel as tien ongeskoolde werksgeleenthede in die slag laat bly. (Webruimte: http://www.fin24.co.za/articles/default/display_article.aspx?ArticleId=1518-25_2264008). Volhard met gebed oor hierdie situasie. Bid vir wyse besluite deur almal wat die verantwoordelikheid vir onderwys in Suid-Afrika dra. Bid ook dat onderwysers die begeerte sal hê om hulleself beter toe te rus en geleenthede sal vind om hierdie vaardighede in ons onderwysstelsel aan te wend.

Kinderontwikkelingsprojekte in Indië

In Cuttack in die staat Orissa sorg die *India Evangelistic Association (IEA)* vir ongeveer vierhonderd kinders wat in nood verkeer. Hier word daar in die opvoedkundige, voedings-, gesondheids- en sosiale welsynsbehoeftes van die kinders voorsien. Dank God vir elkeen wat skuiling en bystand by hierdie *IEA*-projek kan vind. Bid vir die miljoene ander hawelose kinders in Indië en regoor die wêreld wat geen huis het of iemand om vir hulle te sorg nie. Vra vir God se voorsiening vir hulle daaglikse behoeftes. Bid ook vir die welsyn van die kinders in 'n ander kinderhuisprojek in Guntur, veral vir plaasvervangers vir twee onderwysers wat onverwags bedank het. (*Children at Risk Prayer News*. Webruimte: www.viva.org, www.facesofchildren.net of e-pos: pray@viva.org, info@facesofchildren.net).

Woensdag 18 Junie 2008

Limpopo steenkoollaag ontdek

'n Oopgroef tafelsteenkoolbron van 1,04 miljard ton is onlangs in die Limpopo-provinsie ontdek. Dit is bitumineuse steenkool ('n spesifieke soort steenkool) en is geskik vir die opwekking van elektrisiteit. Die projek se potensiaal om termiese steenkool te produseer vir die opwekking van elektrisiteit kom op 'n tydstip dat Suid-Afrika sy opwekkingskapasiteit vinnig moet vergroot. Daarby bied die bron die geleentheid om 'n reeks produkte te produseer, bv. termiese tot harde kooksteenkool vir die uitvoermark. (Webruimte: http://business.iafrica.com/news/857820.htm). Dit is 'n direkte antwoord op gebed! Dank God wat vir ons goed is. Hou aan met bid dat bykomende bronne ontdek sal word en dat Jan Alleman daarby sal baat vind.

Veranderinge ten goede

Sover ons kan vasstel, het die omstandighede van Christene sedert 2006 in afwisselende mate verbeter in lande soos Marokko, Indonesië en Nepal. In Morokko was daar minder gevalle van ondervraging van Christene en volgens plaaslike kontakte, is die regering se houding teenoor Gelowiges meer oop as in die verlede. Tog het Christene met verskeie beperkings in die beoefening van hulle geloof te make. In sterk Islamitiese gebiede in Indonesië ervaar Christene meer druk

as in ander gebiede. Oor die algemeen het die toestand in Indonesië egter in onlangse jare verbeter, aangesien slegs een persoon vermoor is en ons nie van nuwe inhegtenisnemings bewus is nie. Die nuwe bewind in Nepal het die grondwet verander, en Nepal is nie langer 'n Hindoe-koninkryk nie. Oor die afgelope jaar het die kerk sterk gegroei, en ons het geen verslae ontvang van aanvalle in enige vorm teen Gelowiges en kerke nie. (Webruimte: http://opendoorsuk.org.uk/wwl.php). Dank die Here vir deurbrake soos hierdie!

Donderdag 19 Junie 2008

Radioaktiewe stowwe in groente gevind

Radioaktiewe vlakke wat drie keer hoër is as die toelaatbare vlak is gevind in groente wat in die vleilande in die Wonderfonteinspruit-gebied tussen Randfontein en Potchefstroom gekweek is. As radioaktiewe stowwe wat hoër is as die toelaatbare vlak in die bloedstroom beland, kan dit tot noodlottige nierversaking en verskillende vorme van kanker lei. (Webruimte:
http://www.iol.co.za/index.php?set_id=1&click_id=79&art_id=nw20080202125837282C107632&newslett=1&em=177813a6a20080203ah). Dank die Here vir hierdie bevindings, aangesien daar nou in hierdie verband opgetree kan word. Bid vir wysheid vir die verantwoordelike persone oor hoe om hierdie probleem spoedig en effektief op te los. Bid vir die beskerming van kinders, studente, grootmense en bejaardes wat reeds aan hierdie voedsel blootgestel is.

Shixing-mense van Sjina

Hierdie groep is van die mees afgeleë en geïsoleerde mensegroepe ter wêreld. Alle Shixing beoefen Tibetaanse Boeddhisme. Die Muli-gebied in die suidweste van die Sichuan Provinsie is een van die plekke waar daar tot vandag nog nooit 'n sendeling gewerk het nie. Daar was ook nog nooit 'n Gelowige of Christelike gemeenskap onder hierdie groep nie. (*Peoples of the Buddhist World*, Paul Hattaway, bl. 248). Roep tot God vir 'n spoedige deurbraak van die evangelie onder die Shixing-mense. Vra vir gewillige mense om op God se roepstem te antwoord om pogings te begin om hierdie mense met die evangelie te bereik. Bid spesifiek dat die Bybel in hulle taal vertaal kan word en moontlik ook 'n Jesus video.

Vrydag 20 Junie 2008

***90 Dae van Seën*: Vir God se guns en genade**

Vader van genade, gee asseblief aandag aan ons gebede en ons pleidooi vir genade vir ons gemeenskap (**1 Kon.8:28**). Soos die oë van 'n slaaf gerig is op die hande van sy eienaar, soos die oë van 'n slavin gerig is op die hand van haar eienares, so is ons oë gerig op die Here ons God, totdat Hy Hom oor ons ontferm (**Ps.123:2**). Ons nader U troon van genade met vrymoedigheid, sodat ons barmhartigheid en genade mag ontvang en hulp in ons tyd van nood (**Heb.4:16; Ps.5:8; 6:10; 28:2**). Moet ons tog nie uitsluit uit U ontferming nie, Here, laat U liefde en trou ons voortdurend bewaak (**Ps.40:12**). Want so groot as wat die afstand tussen hemel en aarde is, so groot is U liefde vir dié wat U dien. U is goed, aan U liefde is daar geen einde nie! U ontferming is van ewigheid tot ewigheid en duur van geslag tot geslag vir dié wat U eer (**Ps.103:11,17; 106:1; Luk.1:50**).

U, die Here, is die barmhartige en genadige God, lankmoedig, vol liefde en trou. U betoon U liefde aan geslagte van geslagte. U vergewe ongeregtigheid en sonde, maar U spreek niemand sonder meer vry nie. U reken kinders en kleinkinders die sondes van vaders toe selfs tot in die derde en vierde geslag. U is goed vir almal en barmhartig oor alles wat U geskep het (**Eks.34:6-7; Ps.145:9**). Deur U liefde het ons nie vergaan nie; daar is geen einde aan U ontferming nie. U bring beproewing oor 'n mens, maar U ontferm U weer, want U liefde is groot (**Klaagl.3:22,32**). In U opperheerskappy het U verklaar: "Ek betoon genade aan wie Ek genade wil betoon en Ek ontferm My oor wie Ek My wil ontferm" (**Eks.33:19; Rom.9:16,18**).

The Voice of the Martyrs (VOM) 2008 Nasionale Konferensie

VOM se Nasionale Konferensie oor vervolging word op 20-22 Junie en 27-29 Junie 2008 by die Oklahoma Wesleyan Universiteit, Bartlesville, Oklahoma, gehou. Bid vir almal wat by die beplanning van die konferensie betrokke is en ook vir die konferensie self. Vra dat God konferensiegangers duidelik sal wys hoe om die kwessie van vervolging wêreldwyd aan te pak, en ook hoe om hoop en bemoediging te gee aan mense wat vervolg word. (*The Voice of the Martyrs*, webruimte: www.persecution.com of e-pos: thevoice@persecution.com).

ARTIKEL: Gebedsfokus op die tien lande in die wêreld waar Christene die ergste vervolg word

Internasionale statistiek toon dat 'n geskatte 150 000 Christene elke jaar as martelare sterf. Meer as 200 miljoen Christene word ingeperk in die uitleef van hulle Christenskap. Daar is 'n toenemende aanslag op die Christendom wêreldwyd. Al hoe meer lande aanvaar nou wetgewing wat dit vir Christene moeiliker maak om hulle geloof uit te leef en hulle vryheid om byeen te kom, aan bande lê.

Vanaf Junie tot Augustus sal ons op 'n Woensdag 'n spesiale gebedsfokus hê op die tien lande in die wêreld waar Christene die meeste onder vervolging ly. Basiese inligting oor elke land, sowel as riglyne oor hoe om vir hierdie lande te bid, word verskaf. Ons wil jou en jou Bybelstudie- of gebedsgroep graag aanmoedig om gedurende hierdie maande vir hierdie lande, sowel as vir die *Vervolgde Kerk*, in te tree. Jy kan self ook navorsing doen en met ander Christene hieroor praat en so 'n groter bewustheid van hierdie vervolging kweek. Verskillende uitstekende bronne van inligting hieroor is beskikbaar. Vir die doel van hierdie artikel het ons inligting gebruik wat deur 'n bediening met die naam *International Christian Concern* verskaf is. (Bron: *International Christian Concern (ICC)*. Webruimte: www.persecution.org of e-pos: icc@persecution.org).

Die vervolging word in twee kategorieë verdeel, naamlik vervolging deur die samelewing of vanuit godsdienstige geledere (SOS) en dié wat vanaf regeringskant kom (GOV). Vervolging deur persone/instansies in die samelewing of godsdienstige groepe geniet nie noodwendig die betrokke regering se goedgekeuring nie. Hulle vermoë om in 'n land bedrywig te wees, is egter dikwels toe te skryf aan die feit dat daar by die regering self nie 'n sterk begeerte bestaan om godsdiensvryheid vir minderheidsgroepe te bevorder nie. Dit is veral in Irak, Ethiopië en Pakistan 'n beduidende probleem. In ander lande is die regeringsbeleid spesifiek daarop gemik om die Christendom uit te roei. Die lande is gerangskik in terme van die bron van vervolging in daardie spesifieke land, die mate van geweld wat diegene wat dit doen, bereid is om te gebruik en derdens die omvang van die probleem. Dit is belangrik om daarop te let dat alhoewel daar min gevalle van vervolging in hierdie lande bekend gemaak word, dit nie noodwendig dui op 'n meer ontspanne toestand vir Christene nie. Hierdie Christene is dikwels onwillig om vervolging teen hulle aan te meld uit vrees dat erger vervolging hulle te beurt kan val of dat dit die regering net bewus gaan maak van die feit dat hulle Christene is.

Saterdag 21 Junie 2008

Eskom se kraggaping hou Suid-Afrika onder

Volgens ekonome sal die plaaslike ekonomie nou moeilik 'n jaarlikse groei van 2,5% behaal vergeleke met vorige voorspellings van 5% per jaar vir die res van die dekade, as gevolg van die huidige kragtekort. Volgens huidige statistiek sal elektrisiteit vir ten minste die volgende vier tot vyf jaar gerantsoeneer moet word, want die eerste groot nuwe steenkoolkragstasie, Medupi, sal eers teen middel 2012 in werking wees. (Webruimte: http://www.busrep.co.za/index.php?fArticleId=4236040). Dank God vir opgraderings en nuwe bouprojekte wat alreeds onderweg is om hierdie probleem op te los. Vra vir genade dat hierdie projekte glad sal verloop en betyds voltooi sal word. Bid ook dat hierdie voorspellings baie meer positief sal blyk vanweë God se ingryping wanneer Sy mense om Sy hulp roep.

Comore-eilande

Vroeg in Februarie 2008 is die jaarlikse visum-aansoeke teruggehou omdat die owerhede op die eiland ontdek het dat "werkers" vir inwoners die Woord van God geleer het. Dankie vir konstante gebede vir die Comore-eilande. Die teruggehoude visums is almal 'n tydjie gelede toegestaan. Bid vir wysheid en volharding vir die werkers en vir die jong kerk. Bid asseblief ook volhardend vir die invloei van Christelike materiaal. Daar word elke dag nuwe idees en strategieë benodig. (Bron: Vertroulik).

Sondag 22 Junie 2008

Teregwysing - onderwerping aan die Heilige Gees

Handelinge 18: Hy dwing ons om die evangelie meer akkuraat te preek aan Jode en nie-Jode

Paulus het al sy tyd bestee aan die prediking om die Jode daarvan te oortuig dat Jesus die Christus is … Apollos … met 'n deeglike kennis van die Skrif het met groot geesdrif gepraat en ander noukeurig alles oor Jesus geleer … hy het die Jode in die openbaar kragtig weerlê en uit die Skrif bewys dat Jesus die Christus is (**Hand.18:5-28**). Paulus is deur die Gees gebind om die evangelie aan die Jode te verkondig. Apollos was 'n jong man. Akwila en Priscilla het na hom geluister en hom toe reggehelp, want hy het nog nie die hele evangelie geken nie. Daarna was daar geen keer aan hierdie jong man om sy eie mense van Christus te oortuig nie. Vandag, veral as jongmense, het ons ook soms die teregwysing van geestelike moeders en vaders nodig sodat ons die Woord noukeurig en met Jesus se liefde sal bly verkondig. Is jy gewillig om te luister na die

raad van ouer Christene, diegene wat al 'n langer pad as jy gestap het? Dit sal tot ons voordeel wees om op die skouers te staan van ander wat ons in hulle wysheid en gebede dra. Het jy iemand wat jy toelaat om inspraak in jou lewe te hê, met bemoediging én teregwysing? God werk vandag nog so deur Sy Heilige Gees.

Vader, as volwassewordende Gelowiges, bely ons ons hardheid van hart teenoor meer volwasse Christelike moeders en vaders, omdat ons dink hulle raad sal ons aan bande lê. Vergewe dat ons mense vrees en nie die Gees van God se raad ook deur hulle vertrou nie. Sal U asseblief vir ons geestelike mentors stuur wat ons in liefde sal teregwys, sodat ons die evangelie volgens U wil sal verkondig.

Viering van Vadersdag

Die afwesigheid van menslike liefde, sorg en voorbeeld as gevolg van afwesige vaders kan op die lang duur ernstige maatskaplike, emosionele, fisiese en geestelike letsels by kinders en jongmense laat. Die afwesigheid van vaders in die lewens van kinders in ons samelewing is vandag 'n wesenlike probleem. Ook in Bybelse tye was dit 'n probleem (**Mal.4.4-6**). Dank God vir vaders wat hulle verantwoordelikheid as vaders aanvaar en alles moontlik doen om hulle liefde vir hulle kinders te bewys.(**Ef.6:4**). Bid dat vaders doelbewus tyd sal maak vir hulle gesinne en onberispelike rolmodelle sal wees. Bid vir hulp en leiding vir enkelouers wat kinders sonder vaders grootmaak; vir die kerk om sy verantwoordelikheid te aanvaar om te sorg vir weduwees, weeskinders en die vaderloses. Oorweeg dit om 'n pa wat jy ken, te bemoedig.

Maandag 23 Junie 2008

Jy kan help om misdaad op te los

Die Misdaadlyn-inisiatief is in Junie 2007 begin. Dit funksioneer onafhanklik en anoniem en is daarop toegespits om misdadigers van die strate af te kry. Hierdie projek is deur die *Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD)* ingestel. As iemand vermoed dat 'n ander persoon (selfs familie of vriende) by 'n misdaad betrokke is, kan hulle dit nou naamloos aanmeld. Daar sal op alle inligting omtrent misdadigers wat op die Misdaadlyn aangemeld word, gereageer word – of die oortreders moordenaars, verkragters, rowers, kapers, dwelmhandelaars, bendes of kindermolesteerders ensovoorts is. (Webruimte: www.crimeline.co.za). Mense kan 'n SMS aan 32211 stuur of www.crimeline.co.za. besoek om hulle in staat te stel om naamloos wenke te gee wat met enige misdaad of verdagte optrede verband hou. Dank God vir inisiatiewe soos hierdie in antwoord op baie gebed deur die jare! Bid dat mense bewus gemaak sal word van hierdie inisiatief, en dat baie misdadigers vir hulle dade tereg sal staan. Bid ook dat mense nie hiervan misbruik sal maak en onskuldige mense verdag sal maak nie.

Bybelvertaling word bespoedig

Nege jaar gelede het Bybelvertaling teen 'n pas beweeg wat die oorblywende mensegroepe sonder Bybels teen die jaar 2150 sou bereik. In die afgelope nege jaar het die pas versnel en teen 2038 kan werk vir al die oorblywende groepe al aan die gang wees. God doen die onmoontlike. Hierdie statistiek hou wonderlike beloftes in en is net 'n aanduiding van werklike lewens en gemeenskappe wat deur Sy krag en Sy Woord getransformeer kan word. 'n Gemiddelde van 25 nuwe taalprojekte per jaar in die l990's het gestyg tot 'n gemiddelde van 74 per jaar sedert 2000. 'n Skatting van die getal taalgroepe sonder enige Bybelvertaling het gedaal van 3 000 tot net oor die 2 000! Laat ons feesvier oor dit wat God alreeds gedoen het. Laat ons ook ons eie harte ondersoek en vra na God se wil oor hoe ons elkeen op groter skaal kan deelneem om die wêreld met Sy Woord te bereik. (*Wycliffe Bible Translators International.*
Webruimte: http://www.wycliffe.net/contact/tabid/483/Default.aspx of e-pos: info_wbti@wycliffe.net).

Dinsdag 24 Junie 2008

Regering begroot R400 miljoen vir stryd teen tuberkulose (TB)

Die regering het meer as R400 miljoen begroot vir die stryd teen TB oor die volgende vyf jaar. Die doelwit is om gedurende hierdie tydperk die huidige prognose van genesing van 7% tot 10% op te stoot. Dit behels ook die opleiding van meer as 3 000 gesondheidswerkers gedurende 2008. Verlede jaar was daar in die Wes-Kaap 1 200 gevalle van veelvoudige *middel-weerstandige tuberkulose (MDR-TB)*, 425 in KwaZulu-Natal, 412 in Gauteng en 331 in die Vrystaat. Daar was 561 gevalle van *uiters middel-weerstandige tuberkulose (XDR-TB)*, die gevaarlikste voorkoms van *TB* wanneer mense vir ses maande onder kwarantyn geplaas word terwyl hulle behandel word. (Webruimte: http://www.news24.com/Beeld/Suid-Afrika/0, 3-975_ 22724444,00.html). Dank die Here vir hierdie projek. Bid asseblief dat dit die gewenste uitwerking sal hê en dat alle verskillende vorms van tuberkulose volledig in ons land uitgewis sal word, sodat God sodoende verheerlik sal word as 'n God wat gebede verhoor.

End Water Poverty* verwelkom die *VN Internasionale jaar van Sanitasie
Vandag sterf vyf maal meer kinders daagliks as gevolg van swak sanitasie as aan MIV/VIGS. Ongeveer 5 000 kinders sterf elke dag aan diarreeverwante siektes wat deur onvoldoende sanitasie en swak higiëne veroorsaak word. *End Water Poverty* vra vir 'n wêreldwye aksieplan vir sanitasie en water met politieke ondersteuning op die hoogste vlak wat die integrale rol van sanitasie erken om die ekonomiese, gesondheids- en opvoedkundige oogmerke van die *Millennium Ontwikkelingsdoelwitte* te bereik. (Webruimte: http://www.endwaterpoverty.org/news_events/55.asp). Die boek Levitikus spreek talle kwessies rakende water en sanitasie aan. Kom ons bid vir diegene wat hierdie verantwoordelikheid op hulle neem, dat hulle ook in hierdie saak na God se leiding sal vra en daarvolgens sal optree, en dat miljoene kinders se lewens as gevolg daarvan gered sal word.

Woensdag 25 Junie 2008
Bid vir die regering
Die politiek het 'n gevaarlike stadium in Suid-Afrika bereik. Baie mense op grondvlak is teleurgesteld omdat die beloftes wat aan hulle gemaak is, nou nog nie nagekom is nie. Dit is duidelik sigbaar in die huidige spanning tussen politieke partye en hulle leiers. Maar die oplossing lê ook nie daarin om van die een leier na 'n ander, of van die een party na 'n ander ensovoorts om te swaai nie. Laat ons dan bid, met ons oë op die Here gerig, dat Hy die harte van mense na Hom sal draai vir redding en om nie hulle vertroue in leiers, politieke partye, bewegings ensovoorts te stel, om hulle lewens voorspoedig te maak nie. Vra God om die oë van miljoene Suid-Afrikaners oop te maak om hulle hoop in Christus te verstaan.

Fokus op die top 10 lande wat Christene vervolg: Noord-Korea
Vir die vyfde agtereenvolgende jaar staan Noord-Korea bo-aan die lys van lande as die ergste skender van godsdienstige regte vir Christene. Meer Christene is in 2006 gearresteer as in 2005. Daar is nog baie mense in arbeidskampe en die daaglikse lewe in Noord-Korea is onmenslik. Tussen 50 000 en 70 000 Christene ly in tronke. Baie van hulle word gemartel. Talle probeer om na Sjina te vlug. Baie vlugtelinge het, nadat hulle die grens oorgesteek het, met Christene kontak gemaak en hulle bekeer. Die nuutgebore Christene is baie dapper en keer terug na Noord-Korea om ander van Jesus te gaan vertel. (Webruimte: www.persecution.org of e-pos: icc@persecution.org). Dank die Here vir getuienisse soos hierdie. Hou asseblief aan om te bid vir mense wat ter wille van hulle geloof op die wreedste maniere denkbaar vervolg word.

Donderdag 26 Junie 2008
Bybelse Wêreldbeskouing-beraad
Bid asseblief ook vir ons *Bybelse Wêreldbeskouing-beraad* opleidingskursus in Kaapstad op 27 Junie tot 4 Julie 2008. Vra dat diegene wat deur God geroep word, sal registreer en dat elke deelnemer se verstand deur Sy Gees en Woord vernuwe sal word. (*Afrika Christelike Aksie*, Posbus 23632, Claremont, 7735. Tel.: 021 689 4481, faks: 021 685 5884. Webruimte: www.christianaction.org.za of e-pos: info@christianaction.org.za).
Sogwo Arig van Wes-Sjina
Ongeveer 40 000 lede van die Sogwo Arig-stam woon in 'n afgeleë deel van Wes-Sjina. Alle Sogwo Arigs is volgelinge van óf Tibetaanse Boeddhisme óf Bon. Omdat hulle in gemeenskappe woon wat feitlik ontoeganklik vir die buitewêreld is, is die Sogwo Arig bykans onaangeraak deur die Christendom. Onverskrokke evangeliste sal strawwe weer, ruwe terrein, taalkundige en kulturele struikelblokke en die gevaarlike troppe honde wat die Sogwo Arig oplei om vreemdelinge aan te val, moet oorwin. (*Peoples of the Buddhist World*, Paul Hattaway, bl. 261). Bid tot God om manne en vroue te roep wat dapper genoeg sal wees om die weer-, taal- en kulturele struikelblokke te oorkom om hierdie mense met die evangelie te bereik. Vra ook dat die Sogwo Arig oop sal wees om hierdie sendelinge te ontvang en hulle harte sal oopmaak.

Vrydag 27 Junie 2008
***90 Dae van Seën*: Vir U genade en ontferming**
Genadige God, genees ons gemeenskap, selfs al het ons teen U gesondig, en wis in U groot barmhartigheid die oortredings in hierdie gemeenskap uit (**Ps.41:4; 51:3**). Wanneer ons ons sonde wegsteek, kan ons niks goeds te wagte wees nie; daarom bely ons ons sonde en sien ons daarvan af sodat ons genade by U mag ontvang (**Spr.28:13**). Moet tog nie die ongeregtighede van vorige geslagte op ons laat neerkom nie, ontferm U tog gou oor ons, want ons kragte is gedaan (**Ps.79:8**).

Wie is 'n God soos U? U vergewe sonde, U straf nie die sonde van dié wat uit U volk oorgebly het nie. U bly nie vir altyd kwaad nie, U betoon liefde (**Miga 7:18**). Ontferm U oor die mense in ons gemeenskap soos U U oor Israel ontferm het.

Moenie 'n einde aan ons maak of ons verlaat nie, want U is 'n genadige en barmhartige God. Laat diegene wat nog nie genade ontvang het nie, U genade nou ontvang, sodat hulle U sal verheerlik (**Neh.9:31; 1 Pet.2:10; Rom.15:9**).

U het aan ons bekend gemaak wat goed is: U vra van ons dat ons reg sal laat geskied, dat ons liefde en trou sal bewys, dat ons bedagsaam sal lewe voor ons God (**Miga 6:8**). Versterk ons om U wil te doen; help ons om U voorbeeld te volg om reg te laat geskied aan almal en genade en barmhartigheid aan mekaar te bewys. Geseënd is dié wat barmhartig is, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word (**Sag.7:9; Matt.5:7; Rom.12:18**). Laat ons nie geregtigheid, barmhartigheid en getrouheid nalaat nie (**Matt.23:23**). Saam met die kerk deur die eeue roep ons uit: Here Jesus Christus, Seun van die lewende God, ontferm U oor ons (**Matt.9:27; Luk.18:38; Matt.15:22**). Mag barmhartigheid, vrede en liefde in oorvloed aan ons geskenk word! (**Judasv.2**).

27 Junie – 15 November 2008: *Promise Keepers* takel morele relativisme, besigwees, seksuele vryheid
Promise Keepers (PK), die internasionale bediening aan mans, sal in 2008 sy hoë-energie-konferensies vir mans in sewe stede hou. Dit plaas die stempel op 18 jaar van lewensveranderende geleenthede in sportarenas regoor die Verenigde State. Die tema van die byeenkomste is "Manwees '08: Laat die waarheid vertel word." Die konsep van manwees is onder aanslag in ons kultuur. Al hoe minder kinders word onder die invloed van hulle vaders groot, en sonder 'n opbouende manlike rolmodel. Seksualiteit is totaal verwronge. Kinders het pa's se hulp nodig om identiteite en prioriteite te vestig. *Promise Keepers* se geleenthede help mans om hierdie sake aan te pak soos min ander dit kan bied. (Webruimte: http://christiannewswire.com/news/111665480.html). Bid dat baie mans, jonk en oud, hierdie konferensies sal bywoon. Vra dat hulle siening van manwees, pawees en kindwees herstel en in lyn met God se Woord gebring sal word.

Saterdag 28 Junie 2008
Grondhervorming kan tot 50% misluk
Daar is 'n opvallende mate van mislukking in die bereiking van volhoubare landbouontwikkelings doelwitte deur landelike gemeenskappe wat deur grondhervorming bevoordeel is, tot soveel as 50%. Gedurende die afgelope 12 jaar is meer as 4 miljoen hektaar grond aan miljoene begunstigdes ten opsigte van 79 000 grondeisesake gegee. Dit het ten doel om toegang tot grond vir die armes te bewerkstellig, om nuwe boere te vestig, nuwe swart entrepreneurs te vestig ensovoorts. Dit beoog om landbouproduksie met 10 - 15% te verhoog en landbouhandel en -uitvoere met 10 - 15% te laat styg. (Webruimte: http://www.businessday.co.za/articles/dailymailer.aspx?ID=BD4A709171). Kom ons bid dat begunstigdes die verantwoordelikhede en uitdagings van hul begunstiging sal aanvaar. Vra God om wysheid vir diegene in verantwoordelike posisies en gewilligheid by almal wat moet leer hoe om landboukoöperasies, wat die basiese pilaar van landbou in Suid-Afrika vorm, op te bou en te bevorder. Bid vir 'n gewilligheid om te leer en dat hulle suksesvol sal wees. Bid ook dat geen onreg in hierdie polities gelaaide saak sal geskied nie. Bid vir eerlikheid en deursigtigheid in elke grondeissaak. Bid vir vergifnis waar onreg reeds geskied het.

Indiese TV-uitsending van *GodMan* lok ongeëwenaarde reaksie uit
Te midde van die verwoede vervolging van Christene in Indië gedurende Desember 2007, is *The GodMan*, 'n drie-dimensionele animasierolprent oor die lewe van Christus, op nasionale televisie regoor die land gewys. Die gevolge was verstommend. Daar is reeds meer as 500 000 briewe van 'n geskatte 3 miljoen-plus kykers ontvang, en baie wil Christus aanneem. 203 632 Gelowiges is vooraf landswyd opgelei. Bedieningspanne wil meer as 70 miljoen jeugdiges wêreldwyd met die Boek van Hoop (Bybels) en *The GodMan*-film bereik, en vertrou God om meer weergawes en tale van die film hierdie jaar te skep. (*Mission Network News*, 21/01/08. e-pos: newsbytes@yahoogroups.com). Bid vir werklike oorgawes en dat nuwe bekeerlinge regtig dissipels van Jesus sal word.

TEENS 2 PRAY
4 Issues

Tieners wat bid: Moeilike ouers en gefrustreerde tieners
Ons glo mos dat om God te gehoorsaam 'n goeie ding is. Hy is mos die hoogste gesag, dan nie? Dis mos net slim om te dink aan wat Hy wil hê en dit dan te doen. Dit is wat dit beteken om jou aan God se gesag te onderwerp. Maar – die moeilike ding is dat God eintlik wil hê ons moet ons aan alle mense in gesagsposisies onderwerp. **Romeine 13:1-2** verduidelik dat enigiemand wat in 'n gesagsposisie is, net daar is omdat God hulle toelaat om daardie posisies te beklee. God kan goeie en

slegte mense gebruik om te doen wat Hy gedoen wil hê. Hy is volkome in beheer, en wanneer ons Hom gehoorsaam en doen wat Hy vra, sal ons binne Sy volmaakte wil wees.

Doen wat jy sê

Nou kom die moeilike deel. So, maak vas die sitplekgordels! Hoekom voel dit vir ons ons ouers is moeilik? Is dit omdat hulle wil hê ons moet dinge doen wat verkeerd is? Of is dit miskien omdat hulle ons vra om goed te doen wat reg is, maar ons voel nie op daardie oomblik lus om dit te doen nie, of selfs nie op enige ander tyd nie! Miskien wil God hê ons moet weer 'n slag kyk na die manier waarop ons teenoor ons ouers optree. Dis geen glips dat ek en jy spesifiek hulle kinders is nie. Nog voordat die wêreld geskep is, het God elke persoon gekies, sodat ons heilig en onberispelik voor Hom sou wees (**Ef.1:4**). Hy het ook vooruit bepaal wie jou ouers sou wees, in watter land jy gebore sou word, waar jy sou bly – elke besonderheid, en dit selfs nog voor die wêreld gemaak is! Dink net daaraan. Dit beteken ook dat hierdie feite nie regtig in hierdie lewe gaan verander nie, of jy volgens jou oordeel nou goeie of slegte ouers het. Dit is altyd maklik om te kritiseer wat ander doen. Maar kom ons kyk vir 'n oomblik 'n bietjie na onsself. Het jy geweet dis moontlik om jou ouers te gehoorsaam deur wat jy op die oppervlak doen, maar aan die binnekant nog nie regtig jou hart aan hulle onderwerp het nie? Dit geld natuurlik ook vir onderwysers en ander mense wat in gesagsposisies oor ons aangestel is.

Sê nou jou ma vra jou om dadelik jou huiswerk te gaan doen, maar in jou gedagtes dink jy: "Dis mos nou lawwigheid. Hoekom kan ek dit nie doen as ek my TV-program klaar gekyk het nie?" Gedagtes sonder respek is 'n teken van 'n opstandige hart. Wat moet ons dan nou met hierdie frustrasie doen?

<u>Wenke oor hoe om reg te maak na 'n openlike of verskuilde uitbarsting</u>

1. **Wees eerlik.** Dis nie altyd jou ouers wat verkeerd is nie, dis partykeer ook jy. Wees dapper en erken dat jy ook verkeerd kan wees.
2. **Sonder jouself af.** Moenie dit op jou pa of ma, onderwyser of ander gesagsfiguur uithaal of hulle blameer nie. Probeer so gou as moontlik nadat jy besef dat hierdie gedagtes in jou hart is, om alleen by Jesus uit te kom om die saak reg te maak. As jy klaar jou frustrasies op 'n opstandige manier gelug het, maak ook reg met Jesus en met jou ma. (Jy mag natuurlik op 'n mooi manier jou kant van die saak stel, as jy 'n kant het).
3. **Erken dit.** Wees net eerlik met God oor jou opstandige/woedende gevoel. Dit kan ongemaklik en sleg voel aan die begin, maar die bevryding van die spanning en woede maak dit regtig die moeite werd om *real* te raak met God.
4. **Vra vergifnis.** Sê vir God en jou ma jy is jammer as jy openlik jou opstand gewys het. Doen dit net. Dis die regte ding om te doen. Jesus het vir jou gesterf en Hy sal jou vergewe. Onthou, net dapper mense kry hierdie moeilike woord, "jammer", oor hulle lippe.
5. **Bid vir 'n deurbraak.** Vra God die Vader, in die Naam van Jesus, dat Hy jou deur die werking van Sy Heilige Gees sal help om volgende keer meer respek te betoon.
6. **Maak 'n lysie.** Ons is nog nie klaar nie. Vat 'n bietjie meer tyd en vra die Here om jou te help dink aan enigiemand anders in 'n gesagsposisie teenoor wie jy dieselfde reaksie gehad het.
7. **Maak daarmee klaar, eens en vir altyd.** Bid oor elke situasie waaraan die Here jou herinner. Vra Sy vergifnis en ook dat Hy jou sal help om Sy Naam te eer deur 'n heilige lewe te lei.
8. **Wat om te bid?** Hier is 'n voorbeeld om jou te help: Vader, vergewe my my gevoel van opstandigheid teenoor (persoon se naam). Ek bid vir (hom/haar), dat U (hom/haar) sal seën en ek dank U vir (hom/haar) omdat dit U gelukkig maak (**1 Tim.2:1-4**). Help my om my ondergeskik te stel aan hierdie persoon en (hom/haar) te eer, soos wat U in U Woord vra. In Jesus se Naam. Amen.
9. **'n Laaste ding.** Indien jy kans sien (God help 'n mens hiermee), dink daaraan om self na party van die mense op jou lysie te gaan. Vra hulle om jou te vergewe. Sê vir hulle dat jy vir God gevra het om jou te help om jou aan hulle gesag te onderwerp en hulle te respekteer. Dis 'n radikale stap vir 'n "cool" tiener, maar die moeite werd. God sal jou seën.
10. **Sê dankie.** Sê vir die Here dankie vir elke keer wat Hy jou help om iemand in 'n gesagsposisie te respekteer of te eerbiedig. Dink ook daaraan om vir jou ouers (of iemand wat vir jou soos 'n pa of 'n ma is) te vertel dat jy hulle waardeer en ook dankbaar is dat hulle vir jou sorg. As hulle oop is daarvoor, vra sommer daar en dan of jy saam met hulle kan bid en God vir hulle lewens kan dank.
11. **Bid vir die leiers van ons land.** In Amerika kom jongmense bymekaar vir 'n paar dae, 'n paar weke, party vir meer as 'n jaar – om in stil gebed voor die Hooggeregshof in hulle land te staan. Waarvoor bid hulle daar? Hoofsaaklik dat Amerikaners hulle harte vir Jesus Christus sal gee en dat daar dan meer godvresende leiers na vore sal kom.

Een jong meisie het gesê: "Ons het al klaar gesien hoe twee godvresende regters by die Hof aangestel word, en dis die eerste keer in 11 jaar dat dit gebeur! So, gebed wat selfs in sy 'swakste vorm' stil voor die Hooggeregshof gebid word, werk!" (Webruimte: http://www.cbn.com/cbnnews/308964.aspx). Wil jy nie daaraan dink om saam met 'n vriend of vriendin in die komende maand ook vir ons land te bid soos die Heilige Gees julle lei nie? Jy kan die volgende gedeelte uit die Bybel in verskillende Bybels lees, daaroor dink en dan begin om dit vir spesifieke mense in die regering te bid.

12. **Gebruik Woordkrag: 1 Timoteus 2:1-6**: *Ek dring daarop aan dat daar in die eerste plek met smeking, voorbidding en danksegging gebid moet word vir alle mense, vir dié wat regeer en vir almal wat gesag uitoefen, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in volkome toewyding aan God en in alle eerbaarheid. So is dit goed en aanneemlik vir God, ons Verlosser, wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom. Daar is immers net een God, en daar is net een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus wat Homself as 'n losprys vir almal gegee het. Dit was op die bestemde tyd die bewys van die bedoeling van God.*

Sondag 29 Junie 2008

Die Heilige Gees het die lewens van die dissipels verander. Hy kan dit ook vandag vir jou doen Handelinge 19: Hy sal bose geeste uitdryf

… Toe het party Jode wat rondgegaan het om bose geeste te besweer, dit ook gewaag om die Naam van die Here Jesus daarvoor te gebruik. Hulle het gesê: "Ek besweer julle in die Naam van dié Jesus wat deur Paulus verkondig word." Dit was die sewe seuns van 'n Joodse priesterhoof, Skeva, wat dit gedoen het. Maar een van die bose geeste het vir hulle gesê: " Jesus ken ek, en van Paulus weet ek, maar julle, wie is julle?" (**Hand.19:13-15**). Wat 'n verskriklike ondervinding moes dit gewees het vir mense wat gedink het hulle ken Christus! Selfs vandag is dit 'n skrikwekkende waarheid van die kerk. Ons praat graag oor dit wat God deur "groot" prekers en sprekers doen. Tog, wanneer dit by soortgelyke praktiese situasies kom, kan ons nie deur Hom gebruik word as ons nie self 'n ontmoeting met God gehad het nie. In God se koninkryk is daar geen kortpad nie. "Nie elkeen wat vir My sê: 'Here, Here,' sal in die koninkryk van die hemel ingaan nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is" (**Matt.7:22-23**). Dink 'n slag oor jou lewe en jou persoonlike verhouding met die Here Jesus. Ken jy Hom regtig? Is Hy werklik vir jou 'n realiteit op 'n baie praktiese manier? Ken *Hy* jou op jóu naam? Ons leer Hom ken deur Hom lief te hê, Hom te aanbid en sy Naam te vereer. Maak vandag jou saak met God reg en gee jou hart vir Hom.

Vader van heerlikheid, ons roep desperaat uit na U. Vergewe ons dat ons louwarm is in ons strewe na 'n persoonlike verhouding met U! Vergewe ons dat ons verskonings uitdink en op die openbaring van ander staatmaak vir ons geestelike oorlewing. Leer ons om elke dag U aangesig te soek, al die dae van ons lewe. Ons nooi U in ons lewens in, steek U vuur in ons harte aan en gee dat ons U persoonlik en intiem sal ken.

Maandag 30 Junie 2008

Suid-Afrikaanse skole die gevaarlikste ter wêreld

In 'n ondersoek deur *Progress in International Reading Literacy* is Suid-Afrika laaste op die ranglys geplaas ten opsigte van skoolveiligheid. In die ondersoek is Suid-Afrikaanse skoolleerders gevra of hulle veilig voel wanneer hulle by die skool is en of hulle of ander gedurende die vorige vier weke voorvalle van diefstal, boelie, afknouing of besering beleef het. Slegs 23% van Suid-Afrikaanse leerlinge het gesê hulle voel veilig by die skool. Suid-Afrikaanse skole word gemiddeld meer as 20 persentasiepunte laer op die ranglys geplaas as die wêreldwye gemiddeld van 47% van leerlinge wat gesê het hulle beleef 'n hoë mate van veiligheid binne die klaskamer. (Webruimte: http://www.iol.co.za/index.php?set_id=1&click_id=13&art_id=nw20080205114424597C466622&newslett=1&em=177813a1a20080206ah). Bid dat kinders onder hierdie omstandighede ook sal besef God is hulle enigste hoop. Vra dat kinders spontaan met gebedsgroepe in hulle skole sal begin en tot God sal roep vir die redding van hulle portuurgroepe en onderwysers. Bid dat baie harte as gevolg van die huidige situasie na God sal draai.

Pokomchi Nuwe Testament: Guatemala

Lede van die Pokomchi-vertaalspan berig dat die Pokomcho Nuwe Testament in sy finale fase is. Na 24 jaar se harde werk, is middel-2008 die teikendatum vir die setwerk. Bid vir God se volgehoue beskerming en wysheid, vir goeie gesondheid vir die span, veilige reise en volharding. (*Wycliffe Prayer Focus Bulletin*, e-pos: Personnel_Southafrica@wyccliffe.org). Dank God vir hierdie span wat so getrou aan hierdie projek werk.

Dinsdag 1 Julie 2008

Bikers Church

Hierdie bediening bereik en raak waarlik mense aan wat oënskynlik moeilik deur die evangelie van Christus aangeraak kan word. Bid vir die Christen-motorfietsryers waar hulle verskeie saamtrekke bywoon en ook saamtrekke aanbied met die enkele doel om geleenthede te vind om Christus aan onbekeerde motorfietsryers te bedien. Vra vir hulle fisiese beskerming en dat motorfietsryers die evangelie sal ontvang al is hulle geestestoestand negatief. Bid dat hulle ook oorwinning sal behaal oor hulle verslawings en vooropgestelde idees. Vra dat nuwe bekeerlinge sal besef hoe belangrik hulle roeping is om spesifiek na motorfietsryers uit te reik. (*Bikers Church*, Posbus 1755, Brackenfell, 7561. Tel.: 021 982 2303, faks: 021 982 0997 of e-pos: bikercrc@mweb.co.za).

'n Dringende oproep vir gebed vir Christene in Gaza

Sedert Oktober 2007, toe 'n kerkleier as martelaar gesterf het, het eredienste by die Gaza Baptistekerk gekrimp tot 10-15 Gelowiges wat bereid is om die risiko te loop van openlik dienste bywoon by die enigste evangeliese kerk in die hele Gazastrook. In hierdie moeilike tyd, waarin selfs ou inwoners van Gaza wanhoop aan 'n "normale" lewe, bly Christen-bedrywighede grotendeels ondergronds. Daar kan soveel as 200-300 ondergrondse evangeliese Gelowiges in Gaza wees. Minder as 1% van die bevolking is kultureel Christene vanweë familietradisie. (*ASSIST News Service (ANS)*. P.O. Box 609, Lake Forest, CA 92609-0609USA. Webruimte: www.assistnews.net of e-pos: assistnews@aol.com of assistnews@aol.com). Moenie moeg word om te bid vir Christene wat in vrees vir hulle lewens in die Gaza-strook leef nie. Dank God vir die vryheid wat ons nog het om as Christene in Suid-Afrika bymekaar te kom.

Woensdag 2 Julie 2008

Every Home for Christ Suid-Afrika

Every Home for Christ Suid-Afrika (EHCSA) het ten doel om teen die jaar 2020 elke huis in die land te bereik. Dit sal gedoen word deur strategiese alliansies te vorm met ander wat verbind is tot die Groot Opdrag (**Mk.16:15**). Evangelisasie sal plaasvind deur middel van uitreikspanne wat opgelei is om stelselmatig van huis tot huis te gaan en die evangelieboodskap in geskrewe vorm by elke huishouding te laat. Bid asseblief vir gemeentes, uitreikspanne en individue om deel te neem aan die verspreiding van die evangelie van Jesus Christus aan elke persoon in Suid-Afrika. (*EHCSA*, Posbus 7256, Centurion, 0046. Tel.: 012 663 4587, faks: 012 663 4589; webruimte: www.ehcsa.co.za of e-pos info@ehcsa.co.za).

Fokus op die top 10 lande wat Christene vervolg: Irak

Irak neem nou die tweede plek in as 'n land wat Christene die meeste vervolg. Aangesien konflik tussen Koerde, Soenni Arabiere en Sjiïtiese Arabiere toeneem, is die Christene in die middel vasgevang. Toenemende vervolging van Christene het 'n uittog van Christene uit Irak veroorsaak. In 1980 was daar 1,4 miljoen Christene in Irak. Aan die begin van 2003 het hierdie syfer gekrimp tot 800 000, en tans is daar net 250 000-500 000. (Webruimte: www.persecution.org of e-pos: icc@persecution.org). Bid asseblief vir die Christene in Irak wat vervolg word, dat hulle skuiling en veiligheid binne hulle land sal vind. Bid dat hulle genade sal ontvang om aan te hou getuig van Christus, aangesien hulle die goeie gesindheid van Irakese Moslems geniet.

Donderdag 3 Julie 2008

Suid-Afrika in vergelyking met die res van die wêreld

Suid-Afrika beskik oor die helfte van die wêreld se neerslae van sirkoon – 'n swaar mineraal van die kern-eeu – en is die wêreld se voorste produsent van goud, platinum, chroom, vanadium, mangaan en alumino-silikate. Dit is ook 'n top produsent van 50 ander minerale. (*SA at a Glance*, 2007/8, bl. 8). Dank die Here vir sy guns wat op ons land rus aangaande hierdie ondergrondse bronne van sirkoon, goud, platinum ensovoorts, sowel as die reeds ontwikkelde vermoë van die land om hierdie minerale en metale te myn vir eie gebruik en uitvoer. Hou aan bid dat wetenskaplikes guns by God sal vind om masjinerie en tegnologie te ontwikkel wat wêreldwyd voordelig sal wees en tot 'n toenemende vraag na Suid-Afrikaanse produkte sal lei. Bid weereens dat voordele grondvlak sal bereik.

Tangsa, Yangkuk in Indië

In die 1981-sensus in Indië is hierdie groep se totale bevolking as slegs 59 aangedui! Sedert die 1981-sensus, toe net twee individue verklaar het dat hulle Christene is, is ons nie bewus van enige nuwe deurbrake vir die evangelie onder hierdie klein groepie nie. K.S. Singh merk op: "Slegs 'n paar persone uit die gemeenskap het die Christendom aangeneem, en hulle het die tradisionele geloof laat vaar." (*Peoples of the Buddhist World,* Paul Hattaway, bl. 293). Laat ons getrou volhard met

gebed vir die verlossing van die mense van die Boeddhistiese wêreld. Vra vir die Here aan wie die oes behoort, om meer werkers uit te stuur vir hierdie oes.

Vrydag 4 Julie 2008

***90 Dae van Seën*: Ons aanbid U**

Aan U behoort die heerlikheid tot in ewigheid! (**Rom.11:36**). Aan U wat vir ewig Koning is, die onverganklike, onsienlike, enigste God, kom toe die eer en die heerlikheid tot in alle ewigheid! (**1 Tim.1:17**). Ons seën U, ons God, die goeie en enigste Heerser, en die Koning van konings en Here van heersers. U alleen besit onsterflikheid en woon in ontoeganklike lig. Geen mens het U gesien of kan U sien nie. Aan U kom toe eer en ewige mag! (**1 Tim.6:15-16**).

Ons verkondig dat U, Here, in die begin die aarde gevestig het, en ook die hemel is die werk van U hande. Dié dinge sal vergaan maar U bly bestaan; soos 'n kledingstuk sal alles verslyt; soos klere sal U dit oprol; ja, soos 'n kledingstuk sal dit vervang word. Maar U, U bly dieselfde, en U jare het geen einde nie (**Heb.1:10-12**).

Here Jesus, U is die eersgeborene uit die dood, en die heerser van die konings van die aarde. U het ons lief en het ons bevry van ons sondes deur U bloed, en het ons gemaak tot 'n koninkryk en priesters om U en God ons Vader te dien. U is die Alfa en die Omega, wat is, en wat was, en wat sal wees, die Almagtige Een (**Op.1:6-20**). Here, ons God, U is waardig om die heerlikheid en die eer en die mag te ontvang omdat U alles geskep het; deur U wil het alles ontstaan en is dit geskep (**Op.4:8-11**). Die Lam wat geslag is, is waardig om die mag en rykdom, die wysheid en sterkte, die eer, heerlikheid en lof te ontvang! (**Op.5:8-14**). Groot en wonderbaarlik is U dade, Here God, Almagtige. Reg en betroubaar is U optrede, Koning van die nasies. Wie sal U nie vrees nie, Here, en U Naam nie verheerlik nie? U alleen is heilig! Al die nasies sal kom en U aanbid, want hulle sal sien dat U handelwyse regverdig is (**Op.15:1-8**).

***Ethnê onbereikte groepe-projek*: Mins bereikte nasies van die Amerikas/Karibiese gebied**

Volgens bronne bid Amerikaanse kerke vir die Moslemlande, maar doen hulle baie min om na die Moslems in hulle eie gemeenskappe uit te reik. Vra vir 'n groter bewuswording onder Amerikaanse mense van hulle eie Moslembure en om uit te reik deur vriendskapsbrûe om die Goeie Nuus mee te deel. (Webruimte: www.joshuaproject.net/Ethne_globalregion.php of e-pos: Ethne06@Ethne.net).

Saterdag 5 Julie 2008

Dwelm-epidemie beroof Suid-Afrika van sy kinders

Baie jongmense sterf as gevolg van dwelmmisbruik. Sommige Pretoriase dwelm- en alkohol-rehabilitasiesentrums het al kinders so jonk as 9 jaar behandel. Groot getalle kinders wat kokaïen, heroïen, dagga en alkohol gebruik, word hier behandel. (Webruimte: http://www.iol.co.za/index.php?set_id=1&click_id=13&art_id=vn20080201045358636C335337). Bid dat God sy Gees van gebed en smeking op duisende mense in Suid-Afrika sal uitstort om te begin bid vir die bevryding van jongmense van al hierdie middels. Vra dat kerke sal begin om spesiale intersessie-byeenkomste te hou om vir jongmense te bid, hulle te bedien en hulle ook op praktiese maniere te help. Loof God vir 'n groep mense wat 'n paar jaar gelede begin het om spesifiek vir hul eie verslaafde kinders in te tree. (Kontak: Leah Grobler, webruimte: www.actup.co.za).

***Tearfund* – Bid asseblief en tree op**

Meer as 2,6 miljard mense het nie toegang tot basiese sanitasie nie en 1,1 miljard mense is sonder veilige water. As gevolg hiervan sterf 2,2 miljoen kinders onder die ouderdom van vyf elke jaar aan diarree-verwante siektes. Volgende week sal die *G8* in Japan vergader om hierdie en ander sake te bespreek. Bid asseblief dat hierdie lande die leiding sal neem met die opstel en uitvoer van 'n wêreldwye aksieplan.
(Webruimte: http.//www.tearfund.org/News/World+news/Tearfund+Sanitation+report.htm).